Hoofstuk 11

Petrus Venter (c2)

(c. 1726 – c. 1789)

Oriëntasie

Petrus, wat ook Pieter genoem is, is omstreeks 1726 gebore en was 63 jaar oud toe hy omstreeks 1789 oorlede is. Hy was 'n boer.

Die 27-jarige Petrus trou in 1753 met die 23-jarige Martha du Plessis. Sy is omstreeks 1730 gebore en is oorlede omstreeks 1813 toe sy 83 jaar oud was. Hulle het tien kinders gehad, waarvan twee vroeg oorlede is.

Nota:

In die tydperk wat hy geleef het (1726 – 1789), het Petrus se lewe oorvleuel met die lewens van sy vader, Pieter, en nog sewe Venters wat die name Pieter of Petrus gehad het. (Dit kom voor asof Petrus en Pieter partykeer afwisselend gebruik is.) Die oorvleueling maak dit baie moeilik om inligting by hierdie Petrus Venter tuis te bring bloot as gevolg van die naam wat gebruik word. Daar is meesal nog een of twee leidrade nodig om te bepaal op wie iets betrekking het. Daar is 'n tabel van al hierdie Petrusse/Pieters opgestel en die oorvleueling van hulle leeftye. Daarna is 'n tabel opgestel van die beskikbare inligting met 'n aanduiding van die persone waarop dit dalk betrekking kan hê.

Volgens die tabelle is gepoog om die inligting wat by hierdie Petrus hoort te sif. Dit is egter moontlik dat inligting uitgelaat is omdat dit nie spesifiek by hierdie Petrus tuisgebring kon word nie. In bepaalde gevalle is 'n afleiding gemaak en aangedui dat die moontlikheid sterk is dat die inligting by hierdie Petrus tuishoort.

In hierdie hoofstuk

Petrus en Martha
Jan Louis – bl. 279
Hester – bl. 281
Petronella – bl. 282
Magdalena Maria – bl. 283
Petrus Albertus – bl. 284
Martha Brechje – bl. 286
Maria Elizabeth – bl. 288
Johannes Hendricus – bl. 290
Charl Daniel – bl. 291
Jan Adriaan – bl. 291

Genealogiese gegewens

c2 **VENTER, Petrus**: *c. 1726[1]; ≈19.5.1726[2]; †c. 1789[3].

x Drakenstein 14.10.1753[4]: **DU PLESSIS, Martha**: *c. 1730[5]; ≈Paarl 7.5.1730[6]; †c. 1813[7]. Dogter van Jean Louis (Prieur) du Plessis en Madeleine Rousseau.

© R. J. du Preez

Jeug



Doopinskrywing Martha du Plessis[8] op 7 Mei 1730.

Petrus is omstreeks 1726 gebore en is omstreeks 1789 oorlede.

Martha was van Hugenote-afkoms en die kleindogter van Jean Prieur du Plessis wat in 1688 as ’n Franse Hugenoot en geneesheer in die Kaap aangekom het, en sy tweede vrou Madeleine Menanteau. Aan moederskant was sy die kleindogter van Pierre Rousseau (Rossouw), wat ook ’n Franse Hugenoot was, en sy vrou Anna Retief. Met haar doop op 7 Mei 1730 in die Paarl, was die doopgetuies Andries du Toit en Martha Rousseau.

Woonplekke

Daar kon nog nie konkrete gegewens oor Petrus se woonplekke opgespoor word nie. Die tien kinders is in volgorde gedoop te Paarl, Tulbagh/Swartland, Paarl, Kaapstad, Kaapstad, Paarl, onbekend, Tulbagh, Tulbagh, Tulbagh.

Eiendom

In die opgaafrol van Drakenstein in 1761[9], word ’n perd, geweer, pistool en swaard vir Petrus aangeteken. Die volgende jaar[10] is sy naam ingesluit by die Kaapse opgaafrol en word drie slawemans en die bogenoemde wapens vir hom aangeteken. In 1773[11] is Petrus weer terug op Drakenstein se opgaafrol en word ’n perd, 20 beeste en 300 skape vir hom aangeteken.

Die inventaris[12] wat na Petrus se sterfte voltooi is, is opgestel deur sy skoonseun, Tjaart van der Walt, en Petrus se oudste seun, Jan Louis Venter. Daar is gepoog om te bepaal waar hierdie twee opstellers gewoon het, om ’n afleiding te maak van waar Petrus dalk gewoon het, maar dit was nie moontlik om redelike sekerheid oor die woonplek te bekom nie[13]. Die een inventaris is egter in die Wamakersvallei (Wellington distrik) onderteken.

Toe Petrus oorlede is erf sy vrou Martha die helfte van die bates en die agt oorlewende kinders die ander helfte. (Die kinders Petronella en Charl Daniel was toe al oorlede.) Dit was nie ’n groot boedel nie en is beraam op Rds.3642:24.

In die boedel was daar 500 skape, 75 beeste en ’n ou wa. Ingesluit was Rds.1943 in kontant. Daar was ook ’n slaaf Goliat van Madagaskar, ’n slaweseun David van Madagaskar en ’n slavin Rachel van Madagaskar.

Kerk

Hulle doop hulle kinders in die Paarl, Swartland, Kaapse en Tulbaghse kerke. Die kerklidmaatskap kon nie nouer bepaal word nie.

Die gesin

Petrus en Anna het tien kinders gehad, waarvan twee vroeg oorlede is. Met die opstel van die inventaris vir Petrus se boedel, het agt kinders nog geleef. Toe Martha se boedel in 1813 afgehandel is, het ses van die kinders nog geleef. Daar is vir hulle 65 kleinkinders aangeteken[14].

© R. J. du Preez

Die kinders was soos volg:

Jan Louis, getroud met Johanna Jacomina Smit.
Hester, getroud met Jan Louis du Plessis.
Petronella wat vroeg oorlede is.
Magdalena Maria, getroud met Gabriel du Plessis.
Petrus Albertus, getroud met Johanna Maria van der Walt.
Martha Bregje, getroud met Jacob Venter.
Maria Elisabeth, agtereenvolgens getroud met Tjaart van der Walt en Willem Albertus Botha.
Johannes Hendricus, getroud met Hester Jacoba van Jaarsveld.
Charl Daniel wat vroeg oorlede is.
Jan Adriaan, agtereenvolgens getroud met Aletta Sophia Bezuidenhout en Margaretha Johanna Louw.

Petrus en Martha se kinders het hulle hoofsaaklik in die destydse baie groot distrikte Swellendam en Graaff-Reinet bevind. Die Distrik Graaff-Reinet het later verdeel en ’n gesin kon op dieselfde plek woon en op verskillende tye in verskillende distrikte gewees het. So was gedeeltes van Graaff-Reinet later by Cradock ingedeel en gedeeltes van Cradock en Graaff-Reinet weer later by Colesberg.

Latere lewensjare

Dit word beraam dat Petrus vroeg in 1789 oorlede is. Op 3 April 1789 is die eerste inventaris van Petrus se boedel opgestel en onderteken in die Wamakersvallei (Wellington Distrik) deur sy seun Jan Louis Venter en sy skoonseun Tjaart van der Walt[15]. Op 9 April 1789 is die inventaris aangevul[16]. Hy en Martha het dus ’n huwelik van nagenoeg 35 jaar gehad.

Martha leef verder as ’n weduwee en haar Likwidasie- en Distribusierekening word voltooi op 3 November 1813. Daar word gevolglik beraam dat sy in die eerste helfte van 1813 oorlede is.

© R. J. du Preez

Sketse oor Petrus en Martha se kinders

© R. J. du Preez

Jan Louis Venter (d1)

(c. 1754 – ?)

Jan Louis Venter is omstreeks 1754 gebore en trou toe hy 23 jaar oud is met die 17-jarige Johanna[17] Smit. Sy is omstreeks 1760 gebore. Daar kon nie sterfdatums vir die egpaar bepaal word nie, maar waarskynlik is een van hulle in 1824 oorlede. Jan Louis was 'n boer.

Daar is vir hulle vyftien kinders aangeteken, waarvan tien dogters was. Blykbaar is drie van die kinders vroeg oorlede. Hulle oudste dogter is na 'n kort huwelik oorlede en hulle skoonseun Wynand Frederik Bezuidenhout, sy tweede vrou en ses van die kinders is tydens die Groot Trek vermoor by die Bloukransrivier[18]. Hulle seuns Petrus Jacobus en Jacobus Daniel het ook die Groot Trek meegemaak. Petrus het hom in die omgewing van die Magaliesberge gevestig[19]. Daniel het vanaf Soetendalsvlei in die Wyk Traka van die Beaufort (-Wes) distrik getrek en hom eers in die omgewing van Potchefstroom en later in die omgewing van Ohrigstad gevestig[20].

Op 6 Februarie 1784 is 'n **plaas** met 'n moeilik leesbare naam (Tover[an ??]sters Krans) geleë aan "… de Swarte ruggens …" aan Jan Louis toegeken[25]. Op 7 September 1873 is **Klipfontein** aan die Sneeuberg aan Jan Louis toegeken[26]. Die plaas kon nie opgespoor word nie.

Tussen 1792 met die doop van hul dogter Adriana Cecilia en 1796 met die doop van hul seun Johannes Hendrik het hulle verhuis na die plaas wat Gorgetha genoem is.

In die opgaafrolle van 1805 en 1807 word ook aangedui dat Jan Louis die leningsplaas Gorgetha aan die Olifantsrivier in die Wyk Bo-Olifantsrivier het. Die plaas is 42 uur vanaf die Drosdy in Swellendam en geskik vir veeteelt.

Daar kom nie 'n plaas met die vreemde naam voor in die *Bewaarders van ons Erfenis* reeks en in die boekie oor die Distrik George waarin die Wyk Bo-Olifantsrivier was nie[27]. So 'n plaas kom ook nie in daardie omgewing op die Landmeter-Generaal kaarte voor nie.

Moontlike ligging van Gorgetha



Opgaafrolle vir Jan Louis

Item	1787[21]	1794[22]	1805[23]	1807[24]
Distrik	GR	GR	Sw	Sw
Mans	1	1	1	
Vrou	1	1	1	
Seuns	2	3	3	2
Dogters	2	5	6	6
Werkers			1	1
Slawe	2			
Perde	1	1	1	1
Beeste	20	32	47	58
Skape	300	600	521	450
Bokke				111
Wingerdstokke				4800
Tarwe gewen (mud)				8
Wa			2	

Notas:
GR = Distrik Graaff-Reinet
Sw = Distrik Swellendam.

Daar is egter aan die Olifantsrivier en naby die bg. Wyk 'n plaas **Gorgida 14**[28]. Die plaas is net twee plase oos van die plaas Nietgenaamd wat in 1789 aan Jan Louis se swaer, Tjaart van der Walt, toegeken is en waar Tjaart

© R. J. du Preez

tot sy dood in 1802 en daarna sy vrou en Jan Louis se jonger suster Maria Elizabeth gewoon het. Dit word aanvaar dat die verwysing na Gorgetha inderdaad na Gorgida is.

Soos uit die opgaafrolle hierbo gesien kan word, het Jan Louis meesal met beeste en skape geboer.

Op 8 Julie 1822 maak Jan Louis en Johanna 'n testament[29] op die plaas Middelwater "… gelegen in de Swarte Berg …" in die Distrik Beaufort (-Wes). Hulle bemaak ƒ(kaapse valuasie) 24 aan die Diakonie vir die armes. Die gebruiklike bepalings volg dan in verband met vererwing deur die langslewende, maar dat die kinders hulle deel moet kry wanneer die langslewende weer trou. Die testament word op 19 Mei 1824 in die Weeskamer geregistreer en dit is gevolglik moontlik dat een van hulle net daarvoor oorlede is.

Genealogiese gegewens

d1 **VENTER, Jan Louis**: *c. 1754[30]; ≈Paarl 9.8.1754[31].

x Tulbagh 27.4.177729[32]: **SMIT, Johanna (Susanna) Jacomina**: *c. 1760[33]; ≈Swartland 18.5.1760[34]. Dogter van Jacobus Smit en Catharina van Dyk.

© R. J. du Preez

Hester Venter (d2)

(c. 1756 – c.1830)

Hester Venter is omstreeks 1756 gebore en trou in 1777, toe sy 21 jaar oud was, met die 33-jarige Jan[35] du Plessis. Hy is omstreeks 1744 gebore en was nagenoeg 77 jaar oud toe hy omstreeks 1821 oorlede is. Hy was ’n boer.

Hester en haar ouer broer Jan Louis is op dieselfde dag getroud. ’n Jonger broer van Jan, nl. Gabriel du Plessis, was getroud met Hester se jonger suster Magdalena Maria Venter.

Jan du Plessis was voorheen vir minder as ’n jaar getroud met Anna Sophia Pienaar, wat toe oorlede is. Hulle het ’n dogter gehad. In die inventaris van die boedel wat in die Sneeuberge onderteken is, was daar 4 perde, 11 beeste en 350 skape[36].

Hester en Jan het tien kinders gehad, waarvan 2 moontlik vroeg oorlede is. Daar was sewe dogters en drie seuns.

Volgens die opgaafrol vir Graaff-Reinet van 1797[37] het Jan een slaaf, ’n perd, 40 beeste en 400 skape gehad. In 1805[38] verskyn Jan se naam in die opgaafrol vir Swellendam en het hy 7 werkers, 5 slawe, 5 perde, 11 beeste, 63 skape en 50 bokke. Hy het ’n wa gehad en ’n plaas, wat geskik was vir landbou, “agter” die Attekwaskloof, 26 uur vanaf die Drosdy van Swellendam. Die plaas se naam is moeilik leesbaar maar lyk na iets soos “De Saveraan”. Daar is ’n verwysing na ’n plaas Saffraanrivier in die Wyk Attekwaskloof van die Distrik Mosselbaai, maar dit kan nie positief aan Jan du Plessis verbind word nie[39].

Hester en Jan stel op 20 Januarie 1817 ’n testament op[40]. Daar word gemeld dat hy 72 jaar oud en sy 60 jaar oud is. Die testament word onderteken op die plaas Buffelsvallei in die Klein Swartberg van die Distrik Swellendam. Dit word aan die Weesheer vertoon op 23 April 1823.

Hester stel weer ’n testament op in 1823 en dit word aan die Weesheer vertoon in 1830[41]. Dit word dus beraam dat Hester in 1830 oorlede is.

Genealogiese gegewens

d2 **VENTER, Hester**: * c. 1756[42]; ≈Tulbagh/Swartland 26.9.1756[43]; †c 1830.

x 27.4.1777[44]: **DU PLESSIS, Jan Louis**: *c. 1744[45]; ≈Paarl 17.5.1744[46]; †Swellendam c. 1821[47]. Seun van Charl du Plessis en Maria Van Ellewee.
[Hy x 15.1.1775[48]: **PIENAAR, Anna Sophia:** †Des. 1775.]

© R. J. du Preez

Petronella Venter (d3)

(c. 1759 – ?)

Petronella Venter is omstreeks 1759 gebore. Daar is nie gegewens oor haar lewe beskikbaar nie en sy is moontlik vroeg oorlede.

Genealogiese gegewens

d3 **VENTER, Petronella**: *c. 1759[49]; ≈Drakenstein 15.4.1759[50].

© R. J. du Preez

Magdalena Maria Venter (d4)

(c. 1762 – ?)

Magdalena[51] Venter is omstreeks 1762 gebore en is voor 1790, toe haar man weer getroud is, oorlede in haar laat twintigerjare. Sy trou in 1783 op 21-jarige ouderdom met die 33-jarige Gabriel du Plessis. Die huwelik duur hoogstens sewe jaar en hulle het ’n dogter, Martha, gehad.

Gabriel is omstreeks 1750 gebore en word nagenoeg 57 jaar oud. Hy trou na Magdalena se dood met Hester Venter en hulle het tien kinders gehad waarvan twee vroeg oorlede is en ses dogters was.

Volgens die opgaafrol van Graaff-Reinet vir 1794, het Gabriel ’n beskeie boerdery met 1 perd, 32 beeste en 200 skape gehad[52]. Toe die inventaris van sy boedel in 1807 opgestel is, was daar, onder andere, 2 gewere, ’n Bybel, boeke, ’n wa, 8 perde, 52 beeste en 989 skape[53].

Gabriel is omstreeks 1807 oorlede en hulle het, volgens die gegewens in die inventaris van die boedel, in daardie tyd in die omgewing van Cradock geboer. Sy likwidasie- en distribusierekening word op 14 Junie 1809 onderteken[54]. In die rekening word gemeld dat sy tweede vrou voor hom oorlede is. Hulle het blykbaar nog in 1806 ’n testament gemaak en Hester Venter moes dus in die tydperk 1806/7 gesterf het.

Toe die bg. likwidasie- en distribusierekening opgestel is, was die kinders uit die tweede huwelik tussen 2 en 17 jaar oud.

Genealogiese gegewens

d4 **VENTER, Magdalena Maria**: *c. 1762[55]; ≈Kaapstad 29.8.1762[56]; †Voor 1790[57].

x Kaapstad 23.2.1783[58]: **DU PLESSIS, Gabriel**: *c. 1750[59]; ≈Paarl 4.10.1750[60]; †c. 1807[61]. Seun van Charl du Plessis en Maria van Ellewee.
[Hy xx 2.5.1790[62]: **VENTER, Hester:** *c1775[63]; ≈Kaapstad 12.11.1775. Dogter van Johannes Albertus Venter en Anna Maria van der Walt.]

© R. J. du Preez

Petrus Albertus Venter (d5)

(1765 – ?)

Petrus[64] is in 1765 gebore en hy is voor 1824 oorlede. Hy trou, in 1786, toe hy byna 22 jaar oud is, met die 18-jarige Johanna[65] van der Walt. Sy is in 1767 gebore en word nagenoeg 55 jaar oud voordat sy omstreeks 1823 oorlede is.

Petrus en Johanna het elf kinders gehad waarvan 7 seuns was[66]. Toe Johanna se boedel beredder is, het al die kinders, behalwe hulle dogter Martha Magdalena, nog geleef.

Volgens die gegewens in die ondergenoemde opgaafrolle en die geboorteplekke van kinders kan bepaal word dat Petrus en Johanna in die destydse uitgebreide Distrik Graaff-Reinet gewoon het in die gedeelte wat later (na hul dood) afgesny is as die Distrik Colesberg. In 1787 woon hulle in die Wyk Seekoeirivier[67] en in 1801 was hulle nog in die wyk. In die opgaafrol van 1802/04 word aangedui dat hulle in die Wyk Renosterberg, wat net suid van die Wyk Seekoeirivier was, woon. Hulle negende kind is gebore op Modderfontein. Daar was so 'n plaas in die Wyk Renosterberg, maar die ligging daarvan kon nie bepaal word nie en die plaas kon ook nie aan Petrus verbind word nie. In 1811 word aangedui dat hul elfde kind gebore is op Mooifontein en in die opgaafrol van 1811 word aangedui dat **Mooifontein** die plaas van Petrus is.

Met die opname vir die opgaafrol van 1802/4 was Petrus in die Wyk Agter-Rhenosterberg van die Distrik Graaff-Reinet[68]. Daar is aangeteken dat hy 4 knegte en 10 werkers in diens gehad het. Hy het 15 perde, 113 beeste, 781 skape en 7 bokke gehad. Daar was twee waens en 'n perdekar.

In die 1811 opgaafrol[69] word Petrus aangetoon as wonende in die Distrik Graaff-Reinet se Wyk Seekoerivier en dat hy die leningsplaas "Mooijefontein" en die helfte van die leningsplaas **Klipkraa**l besit. Hy het 3 knegte en 13 werkers in diens. Daar was 16 perde, 97 beeste, 1716 skape en 269 bokke in sy besit. Hy het ook 54 mud tarwe gewen. Hy besit 'n wa.

Mooifontein[70] kom nie meer voor op die kaart van die Landmeter-generaal as 'n plaas nie. Daar is egter twee opstalle met die naam Mooifontein op die plase Farm 193 en Morgenwacht 109. Daar is ook 'n plaas **Klipkraal 104**[71] naby die Mooifonteinopstalle.

Moontlike benaderde ligging van Mooifontein en Klipkraal



Op 18 Januarie 1808 maak Petrus en Johanna 'n testament te Graaff-Reinet. Dit bevat die gewone bepalings dat die langslewende erf, maar dat kindsdele uitbetaal moet word vir die kinders indien die langslewende weer trou[72]. Die testament is op 18 Januarie 1824 by die kantoor van die Weesheer ingedien, nadat 'n inventaris opgestel is op 15 Januarie 1824[73]. Saamgelees met die verdere boedeldokumente, dui dit daarop dat Johanna laat in 1823 of in die eerste paar dae van 1824 oorlede is en dat sy by afsterwe 'n weduwee was.

Uit die bogenoemde inventaris blyk dit dat die boedel taamlik groot was. Ten opsigte van die vee was daar 12 perde, 91 beeste en 1302 skape en bokke.

© R. J. du Preez

Die redelike groot inventaris sluit meubels, breekware, kombuisgereedskap, plaasgereedskap, ens. in. Daar is, onder andere , 'n verkyker, "een groote Bybel", twee stowe, en twee geweers. Die inventaris is opgestel deur Johannes Coetzee en Hendrik Venter op 15 Januarie 1824 op die plaas Kalkoenkrans in die Wyk Seekoeirivier.

Die likwidasie-en distribusierekening van Johanna se boedel word afgesluit op 19 Februarie 1825. Die kinders erf uit die boedel en die onmondige kinders word verteenwoordig deur Gert Abraham Coetzee, wat die man van Johanna se dogter Martha Magdalena was.[74]

Genealogiese gegewens

d5 **VENTER, Petrus Albertus**: *14.4.1765[75]; ≈Kaapstad 21.4.1765[76]; †<1824[77].

x Kaapstad 26.3.1786[78]: **VAN DER WALT, Johanna Maria**: *21.11.1767[79]; ≈Tulbagh 28.2.1768[80]; †c. 1823[81]. Dogter van Hendrik van der Walt en Hester Venter.

© R. J. du Preez

Martha Brechje Venter (d6)

(c. 1768 – ?)

Martha[82] is omstreeks 1768 gebore en is oorlede tussen 1793 en 1795 toe sy tussen 25 en 27 jaar oud is. Toe sy byna 18 jaar oud is, trou sy met die byna 19-jarige Jacob Venter. Jacob was die seun van Jan Hendrik Venter en dus die neef van Martha. Hy is omstreeks 1767 gebore en was nagenoeg 69 jaar en 10[83] maande oud toe hy in 1837 oorlede is. Hy was 'n veeboer - "Een vee fokker" volgens sy sterfkennisgewing.

Martha en Jacob het drie kinders gehad, nl. Martha Petronella, Johanna Maria en Gerbrecht Sophia. In Jacob se tweede huwelik het hy nog 10 kinders gehad.

Moontlike benaderde ligging van Roode Heuvel



Martha en Jacob het in die Distrik Graaff-Reinet gewoon.

Martha is tussen 1793 en 1795 oorlede na 'n huwelik van ongeveer 8 - 10 jaar. Jacob trou weer in 1795 en wel met Anna Myburgh. Die kinders uit die eerste huwelik bly in die huishouding.

Jacob het in die Distrik Graaff-Reinet bly woon en was later in die Distrik Cradock toe dié afgestig het van Graaff-Reinet. In die opgaafrolle van 1797 word aangedui dat hulle 'n perd, 20 beeste en 200 skape het[84]. Volgens die opgaafrol van Graaff-Reinet in 1811[85], woon hulle in die Wyk Renosterberg. Daar is 18 werkers, 'n slaaf, 16 perde, 80 beeste, 2000 skape en 50 bokke.

In 1816 word aangetoon dat een van hul kinders te Brakrivier gebore is en in 1821 by die geboorte van 'n verdere kind dat dit op **Roode Heuwel[86]** in die Cradock Distrik plaasgevind het. In Jacob se sterfkennisgewing word in 1837 aangedui dat hy in die Somerset Distrik, Wyk Brakrivier, 'n ewigdurende erfpagplaas het.



Handtekeninge van Jacob Venter en sy tweede vrou, Anna Catharina Myburgh.

Op 20 Mei 1806 maak Jacob en sy tweede vrou, Anna Myburgh, 'n testament te Graaff-Reinet. Daarin word voorsiening gemaak vir kinders uit beide Jacob se huwelike. Op 27 Oktober 1835, net bietjie meer as 'n jaar voor sy dood, voeg hulle 'n bepaling oor die bereddering van die boedel by. Jacob is op 13 Januarie 1837 oorlede.

© R. J. du Preez

Genealogiese gegewens

d6 **VENTER, Martha Brechje**: *c. 1768[87]; ≈Drakenstein 17.4.1768[88]; †Tussen 1793 en 1795[89].

x 14.12.1785[90]: **VENTER, Jacob**: *Worcester Dist., Roggeveld c. 1767[91]; ≈Tulbagh 28.2.1768[92]; †Somerset Dist., Wyk Brakrivier 13.1.1837[93].Seun van Jan Hendrik Venter en Johanna Maria Buys.
[Hy xx 27.9.1795[94]: **MYBURGH, Anna Catharina**: ≈28.10.1781. Dogter van Gerrit Myburgh en Anna Cecilia Olivier.]

© R. J. du Preez

Maria Elizabeth Venter (d7)

(1771 – 1856)

Maria[95] Venter is in 1771 gebore en was 85 jaar oud toe sy in 1856 oorlede is. Die vyftienjarige Maria trou met Tjaart van der Walt toe hy 37 jaar oud was. Dit was Tjaart se tweede huwelik. Die storie van Tjaart en Maria is in Hoofstuk 4. Tjaart sneuwel in 1802. Hy en Maria het agt kinders gehad in 'n huwelik van 16 jaar.

Maria gaan 'n tweede huwelik aan en wel met Willem[96] Botha. Sy was toe 33 jaar oud en Willem 24 jaar. Hulle het vyf kinders gehad, wat beteken dat Maria 13 kinders gehad het. Maria en Willem was 35 jaar getroud.

Opgaafrolle van Willem Botha						
Item	**1805[97]**	**1806[98]**	**1807[99]**	**1811[100]**	**1815[101]**	**1823[102]**
Distrik	**SW**	**SW**	**SW**	**GRT**	**CR**	**GRT**
Mans	1	1	1	1	1	1
Vroue	1	1	1	1	1	1
Seuns	6	1	6	5	3	1
Dogters	6	1		1	2	2
Werkers			13	10	13	4
Slawe	9	3				
Perde	12	9	14	17	9	5
Beeste	20	22	28	41	34	174
Skape	271	327	674	2003	1700	400
Bokke	158	152	200			6
Varke	4					
Wa	1	1	2	2	1	1

SW = Swellendam. GRT = Graaff-Reinet. CR = Cradock
1805: Plaas Nietgenaamd of Nooitgedagt.
1807 Wyk Bo-Olifantsrivier. Eiendomsplaas Nietgenaamd of Nooitgedagt..
1811 Wyk Seekoeirivier. Plaas Winterhoek.
1815 Wyk Agter-Suurberg.

Uit die opgaafrolle in die tabel hierlangsaan kan gesien word dat Willem 'n groot veeboer was.

Die egpaar bly aan op die plaas **Nietgenaamd** (tans Nr. 419)[103] by die warmwaterbron Tooverwater aan die Olifantsrivier. Die plaas is na haar eerste man, Tjaart van der Walt, se dood aan Maria toegeken[104].

Teen 1811 woon hulle in die Wyk Bo-Seekoeirivier van die Distrik Graaff-Reinet op die plaas **Winterhoek.** Die plaas is net wes van en naby Noupoort geleë.

Teen 1823 is hulle in die Wyk Agter-Sneeuberg in die Distrik Cradock. Die Wyk is wes van Cradock geleë.

Na Willem Botha se dood in 1839 maak Maria op 20 Februarie 1840 'n testament[105] en onderteken dit te Colesberg. Sy dui in die testament aan dat sy in die Distrik Colesberg woonagtig is.



Maria is op 31 Augustus oorlede in die Wyk van Willem Ackerman in die Distrik Bloemfontein in die Vrystaat. Daar was vir heelwat jare 'n trek heen en weer oor die Oranjerivier wanneer die trekboere vanaf die Kaap om verskeie redes vir tydperke in die Vrystaat vertoef het. Daar was heelwat driwwe deur die Oranjerivier in die gebied langs die Distrik Colesberg. Van die Trekboere het grond bekom in die Vrystaat en hulle mettertyd daar gevestig. Dit kom voor asof Maria haar op dié wyse in die Vrystaat bevind het.

© R. J. du Preez

Genealogiese gegewens

d7 **VENTER, Maria Elizabeth:** *Middelburg Kp. Dist., Tafelberg 14.1.1771[106]; ≈29.9.1771[107]; †Bloemfontein Dist., Kleinfontein 31.8.1856[108].

x Tulbagh 26.3.1786[109]: **VAN DER WALT, Tjaart**: *28.8.1748[110]; ≈Kaapstad 30.3.1749[111]; Roodewal - Onverwacht (Cambria) (Grensoorlog) 8.8.1802[112]; #Onverwacht (Cambria). Seun van Geele Andries van der Walt en Johanna Weyers.
[Hy x Tulbagh 28.2.1768[113]: **VENTER, Anna Martha**: *26.1.1750[114];≈Tulbagh 4.3.1752[115]; †10.6.1785[116]. Dogter van Jan Hendrik Venter en Johanna Maria Buys.]

xx Kaapstad 22.4.1804[117]: **BOTHA, Willem Albertus**: *c. 1780[118]; ≈Kaapstad 5.11.1780[119]; †25.12.1839[120]. Seun van Frederik Botha en Hester Venter.

Johannes Hendricus Venter (d8)

(c. 1774 – c. 1796)

Johannes[121] Venter is omstreeks 1774 gebore en omstreeks 1796 oorlede in die jeugdige ouderdom van nagenoeg 22 jaar. Toe hy 18 jaar oud is, trou hy met die 16-jarige Hester[122] van Jaarsveld. Hester is omstreeks 1776 gebore en was omtrent 36 jaar oud toe sy in 1812 oorlede is.

Johannes en Hester was drie jaar getroud en het twee kinders gehad. Toe die inventaris van Johannes se boedel opgestel is op 7 Oktober 1796, was die seuntjie twee jaar oud en die dogtertjie 8 maande.

Toe Johannes omstreeks 1796 oorlede is, was daar in sy boedel 12 perde, 36 beeste, 100 skape en 30 bokke. Daar is nie ’n aanduiding van waar hulle geboer het nie.

Hester trou in 1796 met Michael Grobbelaar. Hulle het drie kinders gehad, waarvan een moontlik vroeg oorlede is. Volgens die gegewens in Hester se boedel[123] en ook oor Michael se tweede huwelik is Hester in 1811 of vroeg in 1812 oorlede.

Michael gaan nog drie huwelike aan met Maria Magdalena du Plessis (1812), Isabella Johanna Lombard (1819) en Maria Magdalena Lambrechts (1826). In die eerste twee van hierdie huwelike het hy nog vyf kinders.

Genealogiese gegewens

d8 **VENTER, Johannes Hendricus**: *c. 1774[124]; ≈Tulbagh 27.3.1774[125]; †c. 1796[126].

x 18.11.1792[127]: **VAN JAARSVELD, Hester Jacoba**: *c. 1776[128]; ≈Swartland 20.3.1777[129]; †c. 1812[130]. Dogter van Rijnier van Jaarsveld en Anna Hendrina Olivier.
[Sy xx 9.10.1796[131]: **GROBBELAAR, Michael**. ≈11.10.1778[132]. Sy eerste huwelik. Seun van Nicolaas Grobbelaar en Johanna Hendrina Combrinck.

Michael Grobbelaar[133]:
xx Graaff-Reinet 9.2.1812: **DU PLESSIS, Maria Magdalena**.
xxx Graaff-Reinet 4.4.1819: **LOMBARD, Isabella Johanna**.
xxxx Graaff-Reinet 4.2.1826: **LAMBRECHTS, Maria Magdalena**.]

© R. J. du Preez

Charl Daniel Venter (d9)

(c. 1777 – ?)

Charl Daniel is omstreeks 1777 gebore. Daar is nie verdere gegewens oor hom beskikbaar nie en die moontlikheid bestaan dat hy vroeg oorlede is.

Genealogiese gegewens

d9 **VENTER, Charl Daniel**: *c. 1777[134]; ≈Tulbagh 5.4.1777[135].

Jan Adriaan Venter (d10)

(1779 –1870)

Oriëntasie

Die storie van Jan Adriaan Venter verskyn in die volgende hoofstuk.

Jan Adriaan Venter is gebore in 1779 en was 91 jaar oud toe hy in 1879 oorlede is. Hy was 'n boer.

Die 19-jarige Jan trou in 1798 met die 15-jarige Aletta Bezuidenhout. Sy is omstreeks 1783 gebore en omstreeks 1808 oorlede toe sy ongeveer 25 jaar oud was. Hulle het vyf kinders gehad.

Jan trou weer op 31-jarige leeftyd in 1810 met Margaretha Louw wat toe amper 19 jaar oud was. Sy is gebore in 1791 en word 63 jaar oud voordat sy oorlede is in 1854. Hulle het dertien kinders gehad. Vir amper sestien jaar na Margaretha se dood het Jan as wewenaar geleef .

Genealogiese gegewens

d10 **VENTER, Jan Adriaan**: *Olifantsrivier, 'Distrik', KP 16.2.1779; ≈Tulbagh 24.10.1779; †Bloemfontein Dist., Misgundsfontein 579 19.5.1870.

x 28.10.1798: **BEZUIDENHOUT, Aletta Sophia**: *c. 1783; ≈Stellenbosch 11.5.1783; †c. 1808. Dogter van Pieter Bezuidenhout en Aletta Sophia Bouwer.

xx Graaff-Reinet 25.2.1810: **LOUW, Margaretha Johanna**: *Swellendam Dist. 15.3.1791; ≈Stellenbosch 21.4.1791; †Colesberg Dist., Nachtschaalsfontein 22 Mei 1854. Dogter van Pieter Johannes Louw en Hester van Zyl.

---

[1] Afgelei van doopdatum.
[2] SAG 14. Bl. 40.
[3] Afgelei van datum van Inventaris (9.4.1789): KAB MOOC 8/5. Verw. 47a en b.
[4] SAG 14. Bl. 40.
[5] Afgelei van doopdatum.
[6] SAG 8. Bl. 167.
[7] Afgelei van datum van Likwidasie- en Distribusierekening (3.11.1813): KAB MOOC 13/1/36. Verw. 41½.

© R. J. du Preez

[8] Drakenstein Heemkring. *Drakenstein 1. Huwelike 1717 – 1749. Dope 1694 – 1732.* Versprei op CD.
[9] KAB A2250 (UWK Opgaafrolle). Daar is bepaal of die opgaafrol op hierdie Petrus Venter van toepassing is. Al die Petrus en Pieter Venters wat in daardie jare geleef het en volgens ouderdom kon kwalifiseer se gegewens is nagegaan. Daar is op grond van die vergelykings en die gegewens oor die kinders in die opgaafrolle en in SAG 14, bepaal dat die opgaafrol dié van hierdie Pieter is.
[10] KAB A2250 (UWK Opgaafrolle). Daar is bepaal of die opgaafrol op hierdie Petrus Venter van toepassing is. Al die Petrus en Pieter Venters wat in die jare geleef het en volgens ouderdom kon kwalifiseer se gegewens is nagegaan. Daar is op grond van die vergelykings en die gegewens oor die kinders in die opgaafrolle en in SAG 14, bepaal dat die opgaafrol dié van hierdie Pieter is.
[11] KAB A2250 (UWK Opgaafrolle). Daar is bepaal of die opgaafrol op hierdie Petrus Venter van toepassing is. Al die Petrus en Pieter Venters wat in die jare geleef het en volgens ouderdom kon kwalifiseer se gegewens is nagegaan. Daar is op grond van die vergelykings en die gegewens oor die kinders in die opgaafrolle en in SAG 14, bepaal dat die opgaafrol dié van hierdie Pieter is.
[12] KAB MOOC 8/50. Verw. 47a en b.
[13] Tjaart van der Walt trek in 1789 van Suid van Middelburg KP na Nietgenaamd in die Uniondale omgewing.
[14] Volgens die persone aangeteken in SAG.
[15] KAB MOOC 8/50. Verw. 47b. Hierdie Inventaris se opskrif is gedateer 1 Mei 1789, wat later is as die datum van die tweede inventaris wat opgestel is.
[16] KAB MOOC 8/50. Verw. 47a.
[17] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[18] Visagie, J. C. 2000. *Voortrekkerstamouers.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. ISBN 1 86888 060 5. Bl. 49 – 53.
[19] Visagie, J. C. 2000. *Voortrekkerstamouers.* Bl. 277.
[20] Visagie, J. C. 2000. *Voortrekkerstamouers.* Bl. 276.
[21] KAB J 107.
[22] KAB J 111.
[23] KAB J 318.
[24] KAB J 321.
[25] KAB RLR 31. Bl. [88]. Daar is in SAG 14 vasgestel dat dit hierdie Jan Louis is.
[26] KAB RLR 23/1. Bl. [22].
[27] Le Roux, J. G., Niemandt J.J., en Olivier, Mariana. 2003. *Bewaarders van Ons Erfenis. George. (*Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.)
[28] Madmappers. Kaart 3323AD. GEO(WGS84) 33°26'32.08"S, 23°17'12.01"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
[29] KAB MOOC 7/1/39. Verw. 21.
[30] Afgelei van doopdatum.
[31] SAG 14. Bl. 40.
[32] SAG 14. Bl. 40.
[33] Afgelei van doopdatum.
[34] SAG 11. Bl. 420.
[35] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[36] KAB MOOC 8/16. Bl. [32a en b]. Verkry uit: TEPC (Transcription of Estate Papers at the Cape of Good Hope). 2006. *Inventories and Auction Rolls of the Orphan Chamber of the Cape of Good Hope.* Versprei op DVD.
[37] KAB J 107.
[38] KAB J 318.
[39]Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana en Olivier, Ronel. 2004. *Bewaarders van ons Erfenis: Mosselbaai. (*Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 60 en 61.
[40] KAB MOOC 7/1/89. Verw. 90.
[41] KAB MOOC 7/1/110. Verw. 56 en 57, wat 'n testament van Hester was, word aan die Weesheer vertoon in 1830.
[42] Afgelei van doopdatum.
[43] TAB FK 2206 en 2208. Die doop is in albei registers aangeteken.
[44] SAG 14. Bl. 49.
[45] Afgelei van doopdatum.
[46] SAG 8. Bl. 158.
[47] SAG 8. Bl. 158. Die testament KAB MOOC 7/1/89 Verw. 90 wat hulle opstel op 20 Januarie 1817, word egter eers op 23 April 1823 by die Weesheer ingedien.
[48] SAG 8. Bl. 158.
[49] Afgelei van doopdatum.
[50] TAB FK 2187.
[51] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[52] KAB J 111.

[53] KAB MOOC 8/27. Verw. 10. Verkry uit: TEPC (Transcription of Estate Papers at the Cape of Good Hope). 2006. *Inventories and Auction Rolls of the Orphan Chamber of the Cape of Good Hope.* Versprei op DVD.
[54] KAB MOOC 13/1/32. Verw. 22.
[55] Afgelei van doopdatum.
[56] TAB FK 2150.
[57] Gabriel du Plessis se tweede huwelik vind op 2.5.1790 plaas.
[58] SAG 8. Bl.165.
[59] Afgelei van doopdatum.
[60] SAG 8. Bl. 165.
[61] Afgelei van datum van Inventaris: KAB MOOC 8/27. Verw. 10 (11.11.1807).
[62] SAG 14. Bl. 140.
[63] Afgelei van doopdatum.
[64] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[65] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[66] SAG 14. Ble. 49 – 55.
[67] Daar was twee wyke: Bo-Seekoeirivier (nader aan Colesberg) en Onder-Seekoeirivier wat meer noord geleë was en tot aan die Oranjerivier gestrek het. Wat Petrus Venter betref, dui die gegewens daarop dat hulle in die Wyk Bo-Seekoeirivier was.
[68] KAB J122.
[69] KAB J133.
[70] Madmappers. Kaart 3024DD. GEO(WGS84) 30°52'41.66"S, 24°51'27.13"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.*
[71] Madmappers. Kaart 3024DD. GEO(WGS84) 30°49'55.87"S, 24°47'22.82"O.
[72] KAB MOOC 7/1/94. Verw. 75. In die testament word 'n verwysing na Johanna se moeder gemaak.
[73] KAB MOOC 8/39. Verw. 7.
[74] KAB MOOC 13/1/50. Verw. 7.
[75] SAG 14. Bl. 49.
[76] TAB FK 2150.
[77] Afgelei van vrou se Inventaris. Hy was reeds oorlede toe sy vrou se Inventaris opgestel is op 15.1.1824.
[78] SAG 14. Bl. 49.
[79] SAG 14. Bl. 49. Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Potchefstroom: Uitgewery Lochwalt. ISBN 0 62023 218 8. Bl. 2.
[80] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 2.
[81] Afgelei van Inventaris KAB MOOC 8/39. Verw. 7, gedateer 15.1.1824.
[82] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[83] KAB MOOC 6/9/10. Verw. 1991.
[84] KAB J 107.
[85] KAB J132.
[86] Madmappers. Kaart 3125CD. GEO(WGS84) 31°56'07.347"S, 25°23'27.95"O.
[87] Afgelei van doopdatum.
[88] TAB FK 2187.
[89] SAG 14. Bl. 34. Op 6 Januarie 1793 doop hulle 'n dogter, Gerbrecht Sophia en op 27 September 1795 gaan Jacob sy tweede huwelik aan.
[90] SAG 14. Bl. 34.
[91] KAB MOOC 6/9/10. Verw. 1991 vir plek. Datum afgelei van doopdatum.
[92] SAG 14. Bl. 34.
[93] KAB MOOC 6/9/10 Verw. 1991.
[94] SAG 14. Bl. 34.
[95] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[96] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[97] KAB J 318.
[98] KAB J 319.
[99] KAB J 321.
[100] KAB J 133.
[101] KAB J 50.
[102] KAB J 161.
[103] Madmappers. Kaart 3323AC. GEO (WGS84) 33°24'59.69"S, 23°09'59.50"O.
[104] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 94.
[105] VAB MHG V 17. Testament aangeheg by sterfkennisgewing.

[106] VAB MHG V17.
[107] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40.
[108] VAB MHG V17.
[109] SAG 14. Bl. 27.
[110] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.*: Bl. 40.
[111] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40.
[112] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 36 en 37.
[113] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40.
[114] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40.
[115] SAG 14. Bl. 27.
[116] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40.
[117] SAG 1. Bl. 373.
[118] Afgelei van doopdatum.
[119] TAB FK 2152.
[120] SAG 1. Bl. 373.
[121] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[122] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[123] KAB MOOC 13/1/36 Verw. 33.
[124] Afgelei van doopdatum.
[125] TAB FK 2199.
[126] Afgelei van Inventaris KAB MOOC 8/52 Verw. 15a en b.
[127] SAG 14. Bl. 56.
[128] Afgelei van doopdatum.
[129] TAB FK 2208.
[130] KAB MOOC 13/1/36 Verw. 33. Kyk na die datums onder die debiete en Michael Grobbelaar se tweede huwelik op 9.2.1812 - SAG 4. Bl. 566.
[131] SAG 4. Bl. 23.
[132] SAG 4. Bl. 566.
[133] SAG 4. Bl. 566.
[134] Afgelei van doopdatum.
[135] TAB FK 2199.

© R. J. du Preez